



Diere Verhale

Deur Enid Blyton

Die Klein Verlore Hen



Een middag, toe Harry van die skool af gekom het, het hy 'n klein rooi hennetjie gesien. Dit klink nie baie verbasend nie, maar as ek jou vertel dat die hen net op die punt was om die pad in die besige straat oor te steek, sal jy sien hoekom Harry nogal verbaas was.



‘Gaats!’ het Harry verbaas gesê. ‘Wat doen daardie hen in die middel van die dorp so alleen? Sy sal omgery word as sy probeer om hierdie besige straat oor te steek. Sy moes van iewers ontsnap het en verdwaal het.’



'n Kar het vir die hen getoeter en sy het terug
gehardloop na die randsteen, met haar rooi
vere fladderend en sy het hard gegil. Harry
was bekommerd. Wat kon hy doen? Jy kan nie
vir 'n hen sê om huis toe te gaan nie, soos jy
vir 'n hond sou sê nie.



Daar is niks anders vir my om te doen as om die die hen op te tel en saam met my huis toe te neem nie, het Harry gedink. Ek kan haar in my kamer hou totdat ek weet wie die eienaar is.



Nou, Harry was nie baie goed om voëls op te tel nie. Sommige mense hou daarvan om enigiets op te tel, en gee nie om, om aan wurms of spinnekoppe te raak nie. Dit is goed om so te wees, maar Harry was nie. Hy het gebewe toe hy die hen probeer optel. Hy het glad nie daarvan gehou nie.



Die hen was so bang dat sy haar laat optel het sonder om 'n bietjie te sukkel. Harry kry dit reg om haar onder sy linkerarm te kry, en hou haar daar met sy regterhand. Sy het hom probeer pik en hy het haar amper laat val. Maar hy kon net vashou, en weg is hy huis toe, met die hen onder sy arm.



Toe hy by die huis kom, het hy na sy ma geroep,
maar sy was uit. Jane, die bediende, was in die tuin
en het 'n paar tee lappies op gehang. So Harry het by
die huis alleen in gaan, met die klein verlore
hennetjie.




Hy het na sy kamer gegaan en rondgekyk. Waar kon hy die hen sit om haar gemaklik te maak? Hy het sy kroiwa daar gesien, en hy het die hen versigtig daarin gesit.



Maar sy was dadelik uit en het in die kamer rond gehardloop omdat sy nie geweet het waar sy was nie.

“Ag, hen, moenie so verspot wees nie,” het Harry gesê. 'Is jy honger? Hou op om na my soldate te pik, asseblief!’





Harry gaan uit en maak die deur toe. Hy het na die kas gegaan waar Ma die saad vir haar duiwe gehou het en hy het 'n handvol uit die sak gekry. Toe terug is hy na sy kamer.


‘Kuk-kuk-kuk-kuk-kuk!’ het die hen gesê en hardloop na Harry.
‘Kuk-kuk,’ het die seun geantwoord en het 'n handvol saad op die mat gegooi. Die hen pik dit gulsig op. Toe hou sy haar kop skuins met haar helder-oë eenkant en kyk na Harry.



'Kuk-kuk-kuk!' het sy in 'n baie vriendelike stemtoon gesê.

Harry verstaan nie wat sy sê nie, maar wat sy bedoel het, was dat sy gedink het hy 'n baie gawe seuntjie was. Sy het begin om die res van die saad op te pik.





Toe hoor Harry sy
ma se stem en hy
hardloop
ondertoe om
haar van die
verlore hennetjie
te vertel.

Maar Ma het 'n besoeker by haar gehad, en Harry moes stilbly en nie 'n woord sê nie, behalwe hoe gaan dit. Ma het hom nie laat praat as daar besoekers was nie, tensy daar met hom gepraat was.



Maar na 'n rukkie het Ma 'n eienaardige geluid uit Harry se kamer gehoor, en sy het gefrons.

"Ek wonder wat daardie snaakse geraas daar bo is," het sy gesê. 'Dit is baie vreemd!'



Almal het geluister – en hulle kon die hen hard hoor kloek. Toe
kakkel sy skielik bo-uit haar stem!

‘Kakel-kakel-kakel, kloek-kloek-kloek!’

‘Dit klink soos 'n hen!’ het Ma verbaas gesê. ‘Wel, ek sou nooit!’



'Dit is 'n hen!' het Harry gesê, en hy vertel sy ma alles van die hennetjie wat hy gekry het en hoe sy probeer het om die straat oor te steek.

'Harry! Bedoel jy regtig om te sê dat jy die hen in jou kamer gelos het?' het Ma gesê. 'O, wat sal jy volgende doen?'



'Dit moet mev. White se hen wees,' het mejuffrou Brown, die besoeker gesê. 'Sy het vanoggend vir my gesê dat haar gunsteling rooi hen ontsnap het, en sy weet nie waarheen sy gegaan het nie!'



‘Ag, dan sal mej. nie om gee om die hen na haar terug te vat?’ het Harry geroep. ‘Die arme hennetjie voel so vreemd in my kamer. Sy sal so bly wees om weer terug huis toe te gaan na al haar vriende.’

‘Natuurlik sal ek,’ het mejuffrou Brown gesê, en hulle almal het boontoe gegaan.



Daar was die hen wat aan die mat krap en saggies vir haarself kloeek. Sy hardloop na Harry en pik na 'n sproet op sy bene.



Juffrou Brown het die hen opgetel.

‘Wil jy 'n mandjie hê om haar in huis toe te neem?’ het Harry se ma gevra.

‘O, nee. Ek hou van die lekker sagte warm gevoel van 'n hen,’ het mejuffrou Brown gesê en druk die klein rooi hennetjie teen haar vas.



Mev. White gaan so bly wees as sy my sien instap met haar verlore hen. Dit is haar gunsteling hen, en sy lê elke dag vir haar 'n groot bruin eier.'



'Ek is mal oor bruin eiers,' het Harry gesê. 'Hulle smaak baie lekkerder as wit eiers. Ek wens ek het 'n hen gehad wat vir my bruin eiers gelê het.'



‘Ons het nie plek in ons tuin om hene aan te hou nie,’ het Ma gesê. ‘Wel, totsiens, mejuffrou Brown, en ek hoop die hene sal haarself gedra en nie uit jou arms probeer kom nie!’

Mejuffrou Brown en die hene het weg gegaan.



Harry het nogal eensaam gevoel sonder die rooi hennetjie in sy kamer. Hy het alleen rondgedwaal en gewonder waarmee om te speel. Hy het gedink hy sal met die soldate in sy speelgoed fort speel.



Hy is toe na die fort – maar voor hy enige van sy soldate kon optel het hy iets gesien wat hom laat staar en staar!

Heel in die middel van sy speelgoed fort was 'n groot bruin eier!
Ja, daar lê dit tussen die soldate, groot en bruin en glad.



Harry het 'n gil van blydschap gegee en het die eier op getel.
Dit was warm – so warm soos roosterbrood!

‘Ma! Ma! Kom kyk hier!’ het Harry gegil. ‘Ag, kom gou!’



Ma kom ingestorm – en toe sy die eier sien het sy gelag en gelag.

‘Wel, regtig, Harry, dit is die snaakste ding waarvan ek nog ooit gehoor het! Jy kry 'n hen en bring die hen na jou kamer en voer die hen - en dan lê die hen 'n eier in jou speelgoed fort! Ek sal mev. White bel en haar laat weet, en jy kan die eier in 'n mandjie na haar neem.’




So Ma het mev. White
gebel en vir haar alles
vertel. Toe sy die telefoon
neersit, draai sy om na
Harry.



'Mev. White het gesê dat die hen die eier vir jou gegee het. In ruil vir jou vriendelikheid, Harry" Het Ma gesê. 'Sy sê jy moet dit hou en dit vir ontbyt eet!'



‘Ag, Ma! Wat 'n verrassing! En ek hou so van bruin eiers!’ het Harry verheug gesê. ‘Hoe gaaf van die hen om so aan my te dink!’



So, Harry het die bruin eier vir ontbyt gehad, en hy het vir my gesê dat dit die heel lekkerste een was wat hy nog in sy lewe gehad het.

Was hy nie gelukkig nie?





Diere Verhale

Deur Enid Blyton

Die Goudvis
wat Gegroei
het




Hoppetty het 'n goudvis in 'n glasbak gehad, die mooiste dingetjie wat jy kan wens om te sien, en die kabouter was inderdaad baie trots daarop. Maar wat hom verbaas het, was dat dit nie gegroei het nie. Dit was so klein as wat dit kon wees en Hoppetty het nogal bekommerd daarvoor geraak.



‘Ek gee die vis baie goeie kos,’ het hy gesê, ‘en die vis het 'n lekker stukkie groen watergras in die bak, en 'n klein swart waterslak vir geselskap. Ek wonder hoekom die vis nie groei nie.’

Maar niemand kon vir hom sê hoekom nie.



‘Miskien is die vis nie baie gelukkig nie,’ het mevrou Biscuit die bakker se vrou gesê. ‘Ek het gehoor dat daar gesê word dat ongelukkige wesens nooit baie groei nie.’ Hoppetty kon dit nie verdra om daaraan te dink nie.




Ek is baie vriendelik met die vis, hy het gedink, die vis behoort gelukkig te wees. Hoe verskriklik sal dit wees as mense dink die vis groei nie omdat ek onvriendelik is en dit ongelukkig maak!




Hy het die vis meer kos gegee as ooit, maar die vis wou dit nie eet nie. Die waterslak het eerder daaraan gesmul, en dit het Hoppetty kwaad gemaak. Hy het regtig nie geweet wat om te doen nie!






Toe hy eendag oor Hommelby dorpsgrond gestap het, het hy 'n spitshoed wat tussen die brem bosse uitsteek gesien, en hy het geweet 'n heks is iewers daar naby. Hoppetty het geloer om te sien.

Ja, sowaar, daar was 'n heks wat langs 'n
vuurtjie wat sy gemaak het gestaan. het
Sy het 'n ketel daarop gesit wat vrolik
gekook het.



Sy hou 'n vissie wat sy in die rivier
daar naby gevang het, oor die pot. Sy
het bedoel om dit vir haar aandete te
hê.



Die vis was baie klein en die heks was honger. 'Ek kan 'n baie groter vis as jy eet!' Hoppetty het gehoor wat sy vir die klein dooie forel gesê het. 'Ek dink ek sal jou groter maak, en dan sal ek lekker eet!'



Sy het die vis op die gras neer gelê en twee keer met haar hand daarvoor gewaai. 'Klein vissie, sal groter groei, sodat ek beter van jou sal hou! het sy gesing, en toe het sy 'n afwyk towerwoord wat Hoppetty laat ril en bewe gesê, dit was so vol betowering. Maar goedheid! Hy het gesien wat het volgende gebeur!




Die klein vissies het begin groei, en groei ...



... en kort voor lank het die heks dit opgetel
en dit weer oor die pot gehou, glimlaggend
net om te sien watter lekker maaltyd sy
gaan hê!





'n Goeie idee het by Hoppetty op
gekom. Hy sou reguit huis toe
hardloop en die tower woord oor sy
klein goudvis sê!

Dan sou dit regtig groei, en almal sou
so verbaas wees.

Hopperty het weg gegaan en nooit
opgehou om te dink dat dit verkeerd was
om iemand af te loer en om iemand
anders se towerspel te gebruik wanneer
hulle nie geweet het dat hy dit gehoor het
nie.



Hy het nie opgehou hardloop totdat hy by die huis gekom het nie en toe gaan hy reguit na sy klein goudvis wat rondswem in sy bak.

Hy het sy hand twee keer daaroor gewaai. 'Klein vissie, sal groter groei, sodat ek beter van jou sal hou!' het hy gesing, en toe sê hy die selfde towerwoord, al het dit hom laat skater en bewe om dit te doen.



Die goudvis het dadelik 'n klein sprong in die water gegee en begin groei! Hy het so gegroei! Hoppetty kon sy oë nie glo nie! Dit was gou twee keer so groot as voorheen, en steeds het dit aanhou groei!



‘Jy is nou groot genoeg, klein vissie,’ het Hoppetty gesê. ‘Jy kan ophou groei.’

Maar die vis het nie! dit het aangehou en groter en groter geword, en gou was die vis te groot vir die bak.

‘Goeie genugtig!’ het Hoppetty ontsteld gesê. ‘Dit is baie ongemaklik. Ek beter my opwasbak gaan haal en jou daarin sit.’



Hy het die vis in sy opwasbak gegooi, maar
hy het nog steeds aanhou groei ...





... en Hoppetty moes die vis in sy bad sit.

‘Asseblief, stop asseblief!’ het hy die vis gesmeek. ‘Jy is regtig veels te groot!’

Maar die vis het aanhou groei, en gou was dit selfs te groot vir die bad. Toe het Hoppetty regtig nie geweet wat om te doen nie.


'Ek beter my vis onder my arm
vat en daardie heks gaan
soek!' het hy uiteindelik gesê.
'Sy kan my vertel hoe om te
keer dat my goudvis groter
word. Gaats, ek hoop sy sal
nie kwaad wees nie!'



Hy het die goudvis opgetel en
na Hommelby dorpsgrond
vertrek. Die vis was baie
swaar! En dit het net al hoe
swaarder geword, want dit
het aanhou groei.



Hoppetty het langs
die pad daarmee
gesteier, en almal het
verbaas na hom
gestaar.



Toe keer 'n kabouter polisieman hom.

"Jy is wreed teenoor daardie vis," het hy gesê. 'Hy hyg na asem, arme ding. Sit hom dadelik in daardie dam daar oorkant.'



Seker genoeg, die vis was besig om sy mond oop en toe te maak in wanhoop. Dit het gewoel en gesukkel, en Hoppetty kon die vis skaars vashou.



Hy het na die dam gegaan en die vis
daar vry gelaat. Die vis het in die water
gegly, sy groot stert geswaai en 'n golf
reg oor Hoppetty se voete gestuur.



En wie het by die dam verby gekom,
niemand anders as die heks! Hoppetty
het na haar gehardloop en haar alles
vertel wat gebeur het, en haar gevra
om hom te vergewe omdat hy haar
towerspel gebruik het.



‘Bedoel jy om te sê dat jy my afgeloer het en op my gespioneer het?’ het die heks woedend gesê. ‘Wel, dit dien jou net reg, jou nare klein kabouter! Jou vis kan aanhou groei totdat dit groter is as die dorp, en dit sal 'n goeie straf vir jou wees!’



‘Mevrou, vertel die towerspreuk wat die vis sal laat teruggaan na sy regte grootte,’ het die polisieman streng gesê. ‘Hoppetty het verkeerd gedoen, maar jy kan nie sy versoek weier noudat hy jou om verskoning gevra het nie.’



Die heks moes gehoorsaam. Sy het na die dam gegaan en haar hand twee keer daaroor gewaai. 'Groot visse, kleiner groei, ek sal beter so van jou hou!' dreun sy, en dan sê sy nog 'n towerwoord.



Meteens krimp die groot goudvis al hoe kleiner, en uiteindelik was die vis weer sy eie grootte. Hoppetty het verheug uit geroep en gehardloop om 'n net te kry om dit te vang.




Maar daardie klein vissie sou nie gevang word nie! Dit gaan nie weer in 'n piep klein glasbakkie terug gaan nie noudat dit 'n hele dam gehad het om in te swem, en paddas en stekelbaars, slakke en kewers om mee te praat. O, nee!



Hoppetty moes die vis opgee
en hy was hartseer terug huis
toe.

'Ek het my klein vissie verloor,
het hy gesê, 'maar dit dien my
reg om te loer en te spioneer.
Ek sal dit nie weer doen nie!
En ek glo nie hy het dit ooit
weer gedoen nie!





THINK
DIGITAL ACADEMY

